N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 8 Maart 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Psalm 121: 1-8

Tema: Ons hulp kom van die Here!

1. Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?

2. My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

3. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.

4. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.

5. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.

6. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.

7. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm.

8. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplusser wat hierdie week verjaar:

Chris Brooks	13 Maart 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Flip Fourie** van Oudtshoorn Aftreeoord 16;
- **Ina du Plessis** van Parkweg 54.
- Ons innige simpatie gaan ook aan **Orna du Plessis, Fanie, Lollies en Louise Erasmus** met die afsterwe van Antoinette.

Ons bid vir die volgende sake:-

- **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
- **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar; en die**
- **moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.**

Sondag: 8 Maart 2020
TWEEDE LYDENSWEEK

- **Erediens om 09:00.**
- Die deuroffers gaan aan **Studentebearbeiding.**
- Jeuggroepe verdaag net na die erediens na hul klasse.
- Kom geniet heerlike glas koue sap net na die erediens in die saal.

PROGRAM VIR DIE WEEK
DINSDAG: 10 Maart 2020

- **Bediening van Finansies** vergader om 18:30 in die konferensiekamer.

Woensdag: 11 Maart 2020

- **Vrouebybelstudie om 09:00 en Mannebybelstudie om 18:30** in die konferensielokaal.
- **Kruispad** by Langenhoven Gimnasium om 18:00 vir al ons hoërskool leerlinge.

Belangrike datums vir die kwartaal

Saterdag: 14 Maart 2020

- Die eerste Asbaan "stockcars"-byeenkoms vir die jaar vind plaas. Persone wat hierby betrokke wil raak kan vir Bets Wilkinson by 083 419 4602 kontak.

Dinsdag: 17 Maart 2020

- **Kerkraadsvergadering** om 18:30 in die konferensielokaal.

Vrydag: 20 Maart 2020

- **Kerkkantoor en skole sluit.**

- **Vrydag: 27 Maart 2020 tot Sondag 29 Maart 2020**
  - **Imagine Belydeniskamp** te Bredasdorp.

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.

- **Lidmaat gegewens-**
  Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- Dyna soek asb kinderklere vir meisies en seuns 10-15 jaar. Onderklere is ook welkom asook swart skool- en ander skoene vir seuns en dogters van groottes 1-7.

- Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil/kan raak, kan van die volgende items geskenk word:

Blikke 250 gram kitskoffie	Rooibostee - 80 sakkie pakke
Gewone tee-100 sakkie pakke	Weetbix – 250 gram
Blikkies tuna	2 liter Oros koeldrank
400 gram grondboontjiebotter	400 gram konfyt
Pakkies 2 minute noodles	Pakkies Mariebeskuitjies
Pakkies "Lemon Creams"	2,5 kg suiker.



Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!